24 April 2026

Beste Volkie Ouers

## FINANSIES EN KULTUURAAND

Ons Kultuuraand is verlede Vrydag en Saterdag afgehandel. Groot dankie aan ons Kultuuraand-komitee en al ons Graad 7 ouers. Dit was 'n reuse sukses. Afgesien van die lekker kuier tydens ons spog geleentheid is dit 'n noodsaaklike inkomste vir ons skool.

Die Departement van Onderwys in Gauteng is vir alle praktiese doeleindes bankrot. By elke vergadering word daar klem gelê op die feit dat daar geen finansiële ondersteuning vir kwintiel 5 skole is nie. Daarmee saam is die volgende inligting aan kwintiel 5 skole deurgegee:

- Geen aanstellings vir Administratiewe personeel sal gemaak word nie.
- Ons skool het twee onderwysers verloor wat departementeel aangestel was. Ons verloor dus die staat se bydrae rakende die twee poste en die druk verskuif direk na die skool.
- Alle Departementele poste word gevries en slegs nood-aanstellings sal goedgekeur word op 'n basis van 3 maande op 'n slag.
- Ons interaktiewe borde is besig om onherstelbaar te raak en daarom moet ons begin oorskakel na interaktiewe TV-stelle.
- Die risiko dat salarisse van onderwysers nie altyd betyds betaal sal word nie, word ook elke maand groter.

In die lig van bogenoemde uitdagings sal u verstaan dat ons so dankbaar is vir ons ouers se ondersteuning met die Kultuuraand asook betaling van skoolgelde.

Dit is ook die grootste oorweging met ons boekie projek.

Al hierdie planne is gekoppel om steeds as 'n Afrikaanse hoogs suksesvolle skool, te oorleef.

## AKADEMIE

Ons het Donderdag tydens die hoofdevergadering die statistieke ontvang van die 1ste kwartaal. Afgesien van ons skool se uitslae wat die voortou neem in ons Distrik, is ons regtig **baie bekommerd oor ons huistaal – Afrikaans**. Waar Afrikaans, 4 jaar gelede die beste presteer het in ons land se nasionale tale het ons taal afgeskuif na die 6de plek. Dit is regtig kommerwekkend. Die oorsaak daarvan is verseker dat ons **leerders nie meer lees nie**. Statistieke bewys werklik die volgende uitdagings:

- Afrikaanse kinders spandeer gemiddeld **4 ure per dag op skermtyd**. Ander tale se ouers het nie finansiële vermoë om al die skermtyd vir hul kinders te bied nie en daarom word die kinders gedwing om hul tyd kreatief te bestuur.
- Daar vind regtig **min sinvolle gesprekke in huishoudings** plaas waar Afrikaans gebruik word om bietjie oor verskillende aspekte te gesels. Daardeur verloor ons leerders die vaardigheid om hulself volledig in Afrikaans uit te druk.
- Ons **volwassenes lees nie meer vir ons kinders nie**. Leerders volg dit wat hul sien en nie dit wat ons hul vertel nie.
- Ons leerders se **blootstelling aan taal word al hoe minder** as gevolg van sosiale media en digitale speletjies. Daar is baie van ons kinders wat werklik nie weet hoe lyk 'n aarbei nie. Hul ken die Engelse naam, maar die Afrikaanse weergawe is totaal en al vreemd vir ons leerders.

Dit is regtig noodsaaklik om Afrikaans sterk te hou en as 'n nasionale taal te gebruik. **Afrikaans is nie slegs gekoppel aan die gebruik van 'n taal nie, maar ook aan ons waardes en kultuur.**

Ons gaan planne maak om ons skool se Afrikaans hul regmatige plek terug te besorg.

## RULEWISE

Ons sperdatum vir kommunikasie met ons ouers skuif vanaf Dinsdag oor op die Rulewise-toep. Ons sal vir 'n tydperk van twee weke gebruik om die oorgang maklik te maak. Vanaf rugby, kultuur asook klasinligting sal voortaan op Rulewise geskied. Die kommunikasie wat voortaan deur Rulewise geskied, word versterk volgens die POPIA-wet en bied meer persoonlike veiligheid aan ons leerders, ouers en onderwysers.

## SKOOLFONDS

Groot waardering vir al ons ouers wat hul skoolfonds getrou betaal ten spyte van 'n baie uitdagende ekonomie. Die Beheerliggaam het die volgende besluite geneem tydens ons vergadering van Dinsdagaand:

- Alle skoolfonds rekeninge wat agterstallig is, sal deur die Beheerliggaam gekontak word vir 'n formele afspraak rakende die uitdagings.
- Ouers wie se rekeninge nie op datum betaal is nie en hul het nie aansoek gedoen vir vrystelling nie, se leerders sal nie in aanmerking kom vir toere en uitstappies nie.
- Volgens wet is skoolfonds een van die funksies van die Beheerliggaam. Die lys van ouers wat agterstallig is met skoolfonds word aan die Beheerliggaam verskaf.
- Saam met die oorhandiging van ouers wat agterstallig is met skoolfonds sal sulke rekeninge ook oorhandig word aan die kredietburo vir die swartlys van persone.

**LAER VOLKSKOOL**
**HEIDELBERG**

## SKOOLDRAG

Ons herinner u daaraan dat leerders na die langnaweek met winterskooldrag mag skooltoe kom. Maak seker in die huiswerkboekies wat die drag is. **Groot versoek, merk asb. alles duidelik. (Verwys na Omsendbrief van 17 April 2026).**

## PROGRAM VIR DIE WEEK

| DATUM | AKTIWITEIT | WAAR |
| --- | --- | --- |
| 24-25 April | Rugby: Valke | Hoër Volkskool |
| 27 | *VRYHEIDSDAG* | |
| 29 | Rugby vs Vryheidsmonument | Weg |
| 1 Mei | *WERKERSDAG* | |
| 5 | Netbal vs Eligwa | Tuis |
| 7 | Rugby vs Vaalpark | Tuis |
| 8 | NG Suikerbosrand Basaar | Kerkterrein |
| 9 | Kleuteratletiek | Laer Volkskool |
| | Mini-Rugby | Midvaal |

Volkiegroete

P. STRYDOM

HOOF

016 341 6216
volkies@laervolkskool.co.za
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg - GP, 1441
www.laervolkskool.co.za

# LAER VOLKSKOOL HEIDELBERG